# Luiperds Kampnuus:

**Senoir Burger saamtrek**
**Presidente Klipdraai**
30 Maart—1 April 2015

Senior Burger “Presidente” saamtrek te Klipdraai Vakansieoord naby Meyerton. Sondag 28$^{ste}$ Maart arriveer die eerste van ons Senior Burgers wat as mede kamp kommandante opgetree het tydens die Presidente saamtrek. Twee van die Luiperds se Senior Burger by name Willem Broxham en Lappies Labuschagne was die eerste wat opgedaag het om te help met die uitmerk en gereedmaak van die kampterrein vir die Presidente saamtrek wat vanaf die 02$^{de}$ April plaasgevind het. Die res met Phillip en Ans Opperman aan die stuur het reeds vroeg Dinsdag oggend 30$^{ste}$ Maart gearriveer en dus sommer dadelik nadat hulle wa staan gemaak is ingespring en gehelp met hek diens en versorging van die ablusie fasiliteite. Die dag se verrigtinge is afgesluit met die gepaste Boekevat onder leiding van ons President (Nico Spaumer)

Woensdag oggend is daar vroeg gewikkel om al die mense wat reeds vroeg (65 lede) opgedaag het vir die Presidente op hul regte staanplekke te kry. Na ’n klipharde dag is daar maar vroeg ingekruip om lekker uit te rus en om slag gereed te wees vir die groot intog in Klipdraai wat soos gewoonlik die Donderdag voor die Paasnaweek gebeur te kon hanteer. In totaal was daar 277 Sawa lede wat laer getrek het tydens die Presidente wat nogal die grootste opkoms was vir Klipdraai. Nadat almal staangemaak is kon die manne en manninne bietjie asem skep. Die dag se verrigtinge is ook dan weer afgesluit met die gepaste boekevat.

Donderdag oggend na ’n lekker nagrus is daar vroeg gewoel want die res van die kampeerders het in hulle hordes begin opdaag en al die kamp kommandante Senior Burgers inkluis het hande gevat en die reëlings het sommer glad verloop. Teen 10 uur Donderdag aand is die hekke gesluit waarna ons bietjie kon asem haal. Vrydag oggend het die laatslapers opgedaag en teen 12:00 Vrydag middag was almal in en toe kon ons ook deelneem aan al die aktiwiteite wat aangebied is. Die res van die naweek was dit net die versorging van die ablusie fasiliteite, die versorging van die tent en die hantering van klagtes wat minimaal was vir so ‘n groot groep Sawanante.


Saterdag is daar lekker kermis gehou en glo dit as julle wil, die Kierie brigade het tot aan die toutrek kompetisie deel geneem en nogal hulle trek gewen. Die res van die naweek is daar ontspan en saam gekuier.

Dankie aan almal wat saam gekuier het en gehelp het om die naweek ‘n groot sukses te maak

Senior Burger Kamp Groete
Phillip Opperman



Die Toppies is hard besig om die kamp plekke af te merk ter voorbereiding vir die Presidente.



Die Senior Burgers op hek en ablusie diens



Die Kierie-brigade neem deel aan die tou-trek kompetisie